

16 September

Ons treur, maar nie sonder hoop nie

Skrifgedeelte: Johannes 11:17–32

Fokusgedeelte: Johannes 11:25, 26

Daar is seker nie 'n groter hartseer en droefheid vir ouers as 'n kind deur die dood weggeneem word nie. Veral nog as jy hom die oggend groet en hom gou weer terug verwag. Hy moes net sy laaste afrondingswerk gaan doen aan die projek waarmee hy besig was. Maar dan kom die doodstyding! Dan is mens totaal verslae. Hoe is dit moontlik?

Tog kom die Here om ons in hierdie groot hartseer te bemoedig en te vertroos. Dit wat in Betanië met die dood van Lasarus gebeur het, kon ons ook op onself van toepassing maak. Marta en Maria was verslae met die dood van hulle broer, Lasarus. As Jesus tog maar net betyds gekom het! Maar Jesus het gekom. Hy het die twee susters innig jammer gekry. En toe troos Hy hulle met dié woorde: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook, en elkeen wat lewe en in My glo sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.”

Jesus is die opstanding en die lewe. Dit is goddelike eienskappe waaroor Hy beskik. Ons as mense dra as gevolg van die sonde die kiem van die dood in ons. Maar daarom het Jesus na hierdie wêreld gekom – om ons van hierdie doodskiem te verlos.

Omdat Hy die opstanding en die lewe is, kan Hy ook vir ons as gelowiges persoonlik sê: “Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook.” Daarom is ons sterfdag nie meer vir ons 'n verskrikking nie. Op ons sterfdag word ons wel van liggaam en siel geskei. Ons liggame word wel in die graf gebêre vir die opstandingsdag, maar met ons siele, ons menswees, word ons opgeneem om in heerlijkheid by die Here te wees.

Daarom kon Paulus volgens Filippense 1:21 en 23 sê: “Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. Ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.”

So troos die Here sy bedroefde kinders vandag nog met die afsterwe van 'n dierbare. Ons weet dat hulle wat ons vooruitgegaan het, werklik in heerlijkheid by Christus leef. Ja, ons treur, maar ons hoef nie te treur soos hulle wat geen hoop het nie.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2

Ds. HP Prinsloo (Emeritus)